Teenswoordige heil, verbond en sending

P Verster

ABSTRACT

Salvation and welfare in the present time, covenant and mission

In the theological debate on salvation and welfare an important question that must be asked is the one concerning the relevance of the present time and world. The Marxist view presents the radical revolution as solution. The neo-Marxist view is that the revolution should continue. The theology of hope regards future freedom as way of salvation. The theology of liberation regards the exodus of the poor as salvation. The theology of reconstruction looks forward to a future where justice and human rights will be stressed. Salvation and welfare in the present time should, however, be related to the covenant of God. This is also very important for the way in which salvation must be seen from a missiological point of view.

1 TEENSWOORDIGE HEIL

In die teologiese debat rondom die vraag na die welsyn van die mens word steeds besin oor die betekenis van die wêreld waarin ons woon. Die vraag aan die orde is of die welsyn van die mens in die huidige wêreld gevind moet word en of daar gehoop moet word op 'n radikale oorgang wat van God kom en waardeur die huidige wêreld met 'n nuwe vervang sal word. Is daar heil in die huidige wêreld te vind, of moet die heil buite die wêreld gesoek word?

König[1] dui aan dat heil en saligheid as sinonieme gebruik word. So verstaan, word die heil en die saligheid aan mekaar verbind. Heil het dan te doen met "geluk, vreugde, vrede, die ewige lewe, die nuwe aarde (of die hemel)[2]". Heil dui dus op die volkome verlossing wat God skenk en wat die ewige lewe insluit. König dui egter duidelik aan dat heil verstaan kan word as aardse heil. Dit kom ook so in die Bybel voor. König[3] skryf in dié verband: "In die meeste boeke van die Ou Testament, insluitende die geskiedkundige boeke, die profete en die psalms, is heil die aardse gemeenskap tussen die Here en sy volk. Dit sluit in dat die Here in troue liefde vir sy volk sorg, hulle bewaar en voorspoedig maak en dat die volk sy gemeenskap en sy gawes geniet, Hom daarvoor loof en prys en in gehoorsaamheid aan Hom lewe". Volgens König is dit ook waar van die

Nuwe Testament. Onder heil word die omvattende welsyn van die mens voor God verstaan.

Daar is egter 'n ander gebruik van heil wat ook aandag geniet. Daar is die gebruik van die begrip heil vir aardse heil, maar dan soos dit deur die mens self bewerk word, met of sonder God. Hierdie heil is 'n aardse ryk. Dit sluit die welsyn van die mens in, maar dit sluit die verwysing na God en geestelike welsyn as saligheid wat van God kom uit. Vir die bespreking van heil en teenswoordige heil is bogenoemde siening van besondere betekenis.

Daar is 'n derde moontlikheid. Heil as aardse heil wat God skenk en heil sonder God word aan mekaar verbind om aan te dui dat die aardse, en nie die hemelse heil nie, sentraal moet staan. So word daar wel 'n teologiese inhoud gegee aan die heil wat in die huidige wêreld gestalte kry.

Die tendens is om teologiese besinning te rig op die vraag of heil wel in die huidige wêreld te vinde is.

Die wêreld waarin ons leef, is 'n onvolkome wêreld. Die mens sug na omvattende verlossing of heil. Teenswoordige heil beteken dat daar in die tyd 'n werklike betekenisvolle belewing van omvattende heil kan wees. Hierdie betekenisvolle belewenis van heil het tot gevolg dat die gemeenskap waaronder dit tot stand kom, ook daarvan bewus is en daaruit lewe. Teenswoordige heil veronderstel egter nie dat die volheid van die heil al teenwoordig is nie, maar wel dat besliste elemente daarvan reeds teenwoordig is. Teenswoordige heil beteken dat mense die omvattende verlossing beleef en daaruit lewe.

Omvattende heil word in die sending betekenisvol wanneer aangekondig word dat God vir die mens verlossing bring. Die teenwoordige aspek is vir die mens uiters belangrik, want dit beteken dat die heil in die werklikheid gestalte kry.

Hierdie perspektiewe het onder die tema "Salvation today" aandag geniet by die "Wêreldkonferensie vir Sending en Evangelisasie" wat in 1973 in Bangkok gehou is[4]. Bosch[5] ontleed die begrip "heil" vanuit 'n sendingperspektief. Sy vroeëre werk *Heil vir die wêreld*[6] het die onderwerp deeglik ondersoek. Robinson[7] verduidelik dat die verlossing omvattend is en nie beperk kan word nie. Teenswoordige heil word ook vanuit die aansprake van die Marxisme en Neo-Marxisme ondersoek. Die bedoeling van hierdie artikel is egter om vanuit 'n sendingperspektief en die betekenis van die verbond tot 'n duidelike begrip van teenswoordige heil in die Skrif te kom[8].

As navorsingshipotese word gestel dat die teenswoordige heil setel in die verbond wat deur Jesus Christus bepaal word en dat die sending dié

heil toeganklik maak. As probleemstelling word gevra: Wat is die inhoud van teenswoordige heil en wat is die betekenis daarvan vir die mens in 'n onvolmaakte wêreld?

Ten einde 'n eie perspektief op heil te bepaal moet standpunte oor die teenswoordige heil eers ontleed word[9].

Die eerste aanspraak wat ondersoek word is dié van die Marxisme, naamlik dat heil teenwoordig gestel kan word as die mens tot sy volle potensiaal kom en verlossing deur die revolusie bewerk. Die Marxisme het so 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen dat dit steeds belangrik is om die grondslae van dié denke bloot te lê.

Vervolgens word die aanspraak van die Neo-Marxisme, wat steeds in die teologie saampraat, van nader beskou, naamlik dat daar ook in die gemeenskap heil sal kom in die vorm van voortgaande verandering en verwagting van 'n nuwe toekoms.

Ten derde word die teologie van hoop en die bevrydingsteologie betrek om te bepaal hoe die heil daarin gestalte vind.

Die teologie van rekonstruksie kom vervolgens aan die orde. Daarna word vanuit die verbond gekyk na die betekenis van teenswoordige heil binne die verbondsgemeenskap. Dit het besliste betekenis vir die sending en die wyse waarop die heil in die sending toeganklik gemaak word.

2 STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN TEENSWOORDIGE HEIL

2.1 Heil by die Marxisme

Daar is min twyfel dat dit in die Marxisme inderdaad gaan om die omvattende welsyn van die mens wat in die samelewing gestalte vind. Kolakowski[10] toon aan dat die filosofiese agtergrond waarteen die onwikkeling van Marx beskou moet word, beslissend op die beskouing oor die heil inwerk. Veral Hegel maak dit duidelik dat die wêreldgees die historiese prosesse moontlik maak. Geskiedenis beweeg na die einddoel, naamlik vryheid[11]. Die absolute gees beslis oor die historiese prosesse[12]. Die metode van Hegel, en veral die toepassing daarvan op die geskiedenis, sou die weg vir Marx baan. Waar Hegel die absolute gees as die einddoel van ware vryheid beskou het, het Marx juis die absolute opgehef sodat die mens waarlik vry kan wees. Die vryheid wat die mens geniet, maak die heil moontlik, en daarom moet die mens in sigself die einddoel van die historiese word[13].

Marx[14] soek na die idee in die werklikheid, na die rede in die werklikheid en die vereniging van rede en idee in die werklikheid.

Kolakowski[15] toon aan dat Marx reeds in 'n vroeë stadium van sy werke die revolusionêre beginsel aanhang. Hy wil, anders as Hegel, nie versoening met die werklikheid sien nie. Hy sê dus die tenoorgestelde as Hegel[16]. In sy kritiek op Hegel se filosofie van reg (1843)[17] stel Marx dit dat Hegel by die staat begin en 'n mens slaaf van die staat maak, terwyl ware demokrasie volgens hom by die mens moet begin en hom vrymaak[18]. Die mens moet sentraal gestel word en 'n sentrale plek inneem. In sy geskrif oor die Joodse vraagstuk gee Marx aandag aan menslike emansipasie. Ware vryheid beteken dat die sosio-ekonomiese redes vir die mens se vervreemding uitgeskakel word[19]. In sy inleiding tot 'n kritiek op Hegel se filosofie van reg, bring Marx die proletariaat ter sprake en toon aan dat die proletariaat self die ware vryheid moet realiseer, maar dat die filosofie die bevrydingsgenoot is[20].

Ten opsigte van teenswoordige heil, wat by Marx nie in die gewone sin van die woord verstaan moet word nie, maar as welsyn vir die onderdrukte, is sekere aspekte reeds sigbaar. Die mens wat tot ware insig kom, kan daardeur die revolusionêre gees voed. Die mens self skep die heil: "From the outset then, Marx's criticism of existing society makes sense only in the context of his vision of a new world, in which the social significance of each individual's life is directly evident to him, but individuality is not thereby diluted into colourless uniformity"[21].

Die begrippe "arbeid" en "vervreemding" kom by Marx na vore. Die werkende mens word uitgebuit en sy arbeid word nie aan hom gegun sodat hy self werklike ruimte kan vind nie. Die aspek van vervreemding kom daarin na vore dat die arbeider in die proses van arbeid van sy produk vervreem word. "Therefore when alienated labour tears from man the object of his production, it also tears from him his species life, the real objectivity of his species and turns the advantage he has over animals into a disadvantage in that his inorganic body, nature, is torn from him"[22].

Die mens moet self die heil verwesenlik deur in die prosesse van die geskiedenis te deel. Die ware vryheid is dié wat die mens in die kommunistiese stelsel ervaar. Kolakowski[23] dui aan dat die Marxisme die wêreld met die mens wil versoen. Die oorsake van vervreemding moet verwyder word. Kommunisme transendeer die bedreiging wat die mens bepaal. Dit is 'n tendens van die geskiedenis en dus nie 'n onwerklike ideaal nie. Die saak word in die *Kommunistiese manifes* aan die orde gestel en in die werklikheid verreken. Kommuniste word opgeroep om openlik tot die stryd toe te tree[24]. Die revolusie van arbeiders moet daartoe lei dat die proletariaat uiteindelik self die mag in die hande kry. Heil kom deur die kommunisme wat die proletariaat oproep om saam die nuwe kommunistie-

se toekoms tegemoet te gaan. Die klassestryd bly vir Marx 'n belangrike tema. Die diktatuur van die proletariaat as oorgang tot ware kommunisme kom ook duidelik na vore[25]. Marx beskou kommunisme as die ware sosialisme. Die revolusie dra die heil: "Without revolution, however, socialism cannot come about. It requires this political act so far as it needs overthrow and dissolution"[26].

Natuurlik is *Das Kapital*, Marx se belangrikste werk, van groot en beslissende belang. Mandel[27] stel dit duidelik: "*In Capital*, Marx's fundamental aim was to lay bare the laws of motion which govern the origins, the rise, the development, the decline and the disappearance of a given social form of economic organisation: the capitalist mode of production".

Sweezy[28] meen dat die klem val op die feit dat Marx die gemeenskap as geheel wil ontleed met die klem op sosiale verandering[29]. As gevolg van sy oortuiging dat die kapitalisme op 'n krisis afstuur, het Marx[30] gepostuleer dat die heil in die bevryding van kapitaal sal deurbreek[31].

Hierdie betekenisvolle belewenis van die heil beteken dat daar 'n totale omwenteling moet kom wat in revolusie setel. Die revolusie is besig om radikaal te transformeer en as gevolg van dié transformasie breek die heil inderdaad deur. Belangrik is die radikale ontkenning van die werk van God sodat die mens sy eie bevryder word[32]. Marx kom nie los van die mens self nie, daarom loop sy gedagtes vas teen die mens se onvermoë om self heil te skep. Die revolusie verteer die mens wat heil begeer. Marx het inderdaad in sy verhouding met Engels sekere aanpassings gemaak. Daar is diegene wat meen dat Engels die Marxisme verdraai het en so van sy krag ontneem het. Engels bring 'n evolusionêre begrip ter sprake[33].

Lenin sluit by Marx aan, maar wil 'n praktiese uitwerking aan die teoretiese onderbou verskaf om dan daartoe oor te gaan om die heil in die kommunistiese stelsel te verwerklik[34]. Sosialisme sal noodwendig volg[35]. Die arbeidersklas moet geïnspireer word om die heil vir die gemeenskap mee te bring.

Daar is vernuwing op drie vlakke:

(i) Lenin beskou dit as noodsaaklik dat die kleinboere moet verenig.
(ii) Die nasionale vraagstuk is 'n magtige bron wat nie afgewys nie, maar benut moet word.
(iii) Lenin formuleer sy eie reëls ten opsigte van party-organisasie.

Hy het gedagtes rondom die vraag betreffende die houding wat teenoor spontane reaksie deur die arbeiders ingeneem behoort te word, geformu-

leer[36]. Die revolusie word die draer van die heil wat verstaan word as aardse heil sonder God. Eers met die radikale vernuwing wat deur die revolusie kom, kan die heil in die gemeenskap deurbreek[37]. Heil is nie idealisties nie. Dit moet in die gemeenskap verwerklik word en die verlossing moet daarin deurbreek[38]. So word die heil weer sigbaar in die staat wat eers draer van die onheil was.

Marxisme loop, in die woorde van sy eie eksponente, vas teen die gedagte dat die heil alleen maar in mag setel. Mag en heil kom dus steeds bymekaar uit. Lenin val dus vas in die orde wat hy bestry.

2.2 Heil by die Neo-Marxisme

By die Neo-Marxisme breek die heil nie deur in die eenmalige revolusie nie. 'n Proses van voortdurende verandering is nodig om dit te bewerkstellig. Dit beteken dat die proses die heil dra, dat dit daarin tot sy reg kom en die verlossing sodoende deurbreek. Hierdie proses van heil word gedra deur dit wat gebeur.

Marcuse onderskei drie hoofprobleme in sy ondersoek: (i) Magte van wêreldregering is op sigself ingestel en ontneem die mens van sy vryheid; (ii) Produktiwiteit vermeerder, maar dit bring nie heil vir die mens nie; (iii) Die plastiese samelewing bied geen volkome heil nie.

Eros (liefde) en *thanatos* (dood) word as beherende beginsels gestel. Die destruktiewe mag van *thanatos* is reeds by *eros* teenwoordig: "The dominion of Eros is from the beginning also that of thanatos. Fulfillment is destruction, not in a moral or sociological, but in an ontological sense"[39]. Onderdrukkende strukture lei tot aggressie. Die mens word slaaf van die politieke en sosiale strukture. Om vry te wees moet die mens hom van die gewelddadige strukture bevry[40]. Hy kan dit slegs doen deur die strukture omver te gooi deur radikaal daarteen in verset te kom[41].

Daar is by Marcuse duidelik sprake van 'n voortgang, 'n proses van verandering wat noodsaaklik is vir die deurbreek van die heil in die gemeenskap.

Maar ook Bloch se standpunt is van belang. Hy meen dat die "nog-nie" deurslaggewend is[42]. Die geskiedenis maak nie van die mens 'n toeskouer nie[43]. Die mens moet self ingryp, deel in die prosesse van die geskiedenis en die heil bewerk wat verandering bring. Hy maak hom dus juis van die bestaande los en streef na die toekoms[44]. Die eksodusgebeure is ook vir hom betekenisvol. In die proses wat in wording is, kom die hoop na vore[45] en word die beginsel wat die werklikheid rig. Die mens deel in

die hoop en moet met verwagting die hoop soek. Heyns[46] skryf aangaande Bloch: "Vanuit die aard van die geskiedenis, wat op sy beurt in die aard van die werklikheid self gegrond is, naamlik as 'n proses in wording waarvan die wesenlike inhoud subjektief nog onbekend is en objektief nog onvoltooid is, vloei die hoop voort".

Wat dus hier van belang is, is die voortgang van die geskiedenis. Die omwentelinge wat voorkom, rig die mens en die mens moet soek na hoop[47]. Hy vind dit wanneer hy self sy eie toekoms wil bepaal deur betrokkenheid by die proses van voortdurende verandering[48]. Die mens se bevryding lei egter by die Neo-Marxiste tot die medemens se ondergang en kan daarom geen ware heil inhou nie.

2.3 Heil by die teologie van hoop

Is die verwagting op 'n nuwe wêreld, 'n verwagting waarin die hoop op die nuwe 'n belangrike rol speel ook ter sprake wanneer oor die teenswoordige heil gepraat word? Ek glo dat dit wel so is. Moltmann[49] het inderdaad in sy boek oor die hoop, *Theologie der Hoffnung* aangedui dat die heil nie net toekomstig is nie, maar die huidige werklikheid transformeer sodat die hoop op die heil beteken dat daar nou reeds tekens is van die eskatologiese heil. Hy skryf reeds in die inleiding: "Faith recognizes the dawning of this future of openness and freedom in the Christ event. The hope thereby kindled spans the horizons which then open over a closed existence. Faith binds man to Christ. Hope sets this faith open to the comprehensive future of Christ"[50]. Die hoop self bepaal die teenwoordige. Daarom beteken dit nie dat daar geen heil is en net 'n toekomsverwagting nie. Hoop op sigself waarborg die heil[51]. So verkry die eskatologie beslissende betekenis vir die kerk en die teologie. Dit beteken egter nie dat die openbaring ook verskuif word na die eskatologiese gebeure nie, maar wel dat die heil in die hoop sigbaar word[52]. In die verwagting van die hoop, waarin die heil na vore kom, is die opstanding betekenisvol[53]. Die christelike hoop staan in nouste verband tot die spesifieke en unieke gebeurtenis van die opstanding van Christus: "Hence to recognize the resurrection of Christ means to recognize in this event the future of God for the world and the future which man finds in this God and his acts"[54]. Daar is 'n lewende verwagting maar ook saam met die skepping 'n sug na die heil wat God gee[55].

Die kerk wat in hierdie hoop leef, word die ware eksodus-kerk op weg na die heil, maar is ook gebonde aan die heil wat beleef word. Hier word die verbintenis met Bloch sterk sigbaar. Die Neo-Marxistiese elemente kom na vore. Heil word ook bereik waar die kerk, as eksodus-

kerk, die nuwe op radikale wyse sigbaar maak. Die kerk is gerig op die toekoms van die Here en leef vanuit die verwagting van sy koms[56]. Dit volg beide Christus se missie en sy diens aan die wêreld na en daarin word die wêreld dan betrek om die heil sigbaar te maak. Die kerk wil die wêreld transformeer[57]. Die kerk wil die nuwe heil bring vir die gemeen-skap en vir diegene wat in diens van die nuwe gemeenskap staan: "This mission is not carried out within the horizon of expectation provided by the social roles which society concedes to the Church, but it takes place within its own peculiar horizon of the eschatological expectation of the coming Kingdom of God, of the coming righteousness and the coming peace, of the coming freedom and dignity of man"[58]. Die heil word teenwoordig gemaak. Die verwagting skep as 't ware heil. Die aktiewe betrokkenheid van die eksodus-kerk bring die heil vir die gemeenskap.

Naas die hoop staan die kruis sentraal[59]. God maak Homself immers in die kruis bekend. Daar gee Hy Homself in solidêre oorgawe aan die mens. Daarom kom die heil in lyding, en deur lyding word die heil sigbaar gemaak. Die lyding moet egter getransformeer word omdat God die heil meebring. König[60] meen egter dat om van die gekruisigde God te praat, soos Moltmann dit doen, beteken dat 'n mens nie rekening hou met die eie aard van die godsopenbaring in Christus Jesus en die opstanding nie.

In die krag van die Heilige Gees moet die kerk, volgens Moltmann, daarom instrument van verandering en heil wees. Die kerk wat, soos reeds gesê, die heil dra, moet dit in die gemeenskap verwerklik: "It is a prophetic people which through its life and style of that life bears witness before the world of God's promise and its future"[61]. Moltmann maak dus 'n sterk saak uit dat die heil in die gemeenskap op verrassende wyse sigbaar word. In die gekruisigde God, in die heilsverwagting en toewending tot die hoop kom die kerk en leef die heil in die wêreld voor.

Moltmann ontkom nie aan die probleem wat reeds by Bloch aangetoon is nie. Alhoewel die hoop universeel verstaan word, lei die verwerkliking daarvan onteenseglik tot onheil vir hulle wat nie daarin deel nie en word die heil eksklusief.

2.4 Heil by die teologie van bevryding

By bepaalde eksponente van die teologie van bevryding word die heil gekoppel aan die politieke verlossing wat God bied[62]. Hierdie verlossing word in Marxistiese sin verbind aan die deurbreek van die heil wat in Christus revolusionêre gestalte kry. Die aansluiting by die Marxisme is duidelik en word hiermee erken[63]. Miguez Bonino beskou die Marxisme as

die sleutel tot die heil. By Gutierrez kom die heil na vore waar God se reddende genade duidelik blyk in die volledig aardse heil wat Hy bring. Onderdrukking in enige vorm beteken dus volgens Gutierrez die dood. Waar die verlossing nie in die aardse heil kom nie, breek die onheil deur. God bevry want, sê Gutierrez[64], God is lewe: "To believe in Yahweh, the God who liberates, and to maintain that Jesus is 'the author of life' (Acts 3:15), is the Son of God, is to be a friend of life"[65].

God openbaar Homself in sy werke. Die eksodusgebeure is van primêre belang vir die beskouing dat God in die wêreld die heil bring waardeur die gemeenskap vrygemaak word om in die lig wat God gee, te wandel. God se reddende genade is sigbaar in die heil wat Hy vir Israel skep en die wyse waarop Hy die heil laat deurbreek. Die regering van God, wat 'n regering van lewe is, is die absolute sin van die geskiedenis. Maar dit begin nou reeds as gevolg van die feit dat Jesus vir die gemeenskap waarbinne Hy optree, omgee. In die persoon van Christus het die ryk van God in die midde van hulle op aarde gekom. Hy het die heil gebring sodat dié wat in Hom glo, kan leef[66]. Bevryding beteken dat die wil om te lewe daar is, en word gerig teen onderdrukking, verslawing en die dood. Dit bring ons in 'n nuwe verhouding tot God. Die bevrydende God maak ons vry en bring die nuwe gemeenskap tot stand[67].

God is egter nie slegs die God van lewe nie. Volgens Gutierrez is Hy ook die God wat die bevryding van mense op politieke vlak moontlik maak omdat Hy reg doen. Gutierrez leer dus dat die heil in die gemeenskap deurbreek in die lig wat van God kom, daarin dat God self die lewe gee en die heil skep. God skep heil vir die gemeenskap sodat hulle Hom kan dien en gehoorsaam aan Hom kan wees. Daarom moet die mens wat begerig is om die heil te vind deel word van die historiese prosesse waarin hy die heil deelagtig word.

Gutierrez ontkom nie aan die greep van die revolusie nie. Dit beteken dat hy die heil by die mens self soek. God bevestig maar net dit wat uit die mens kom.

'n Ander belangrike eksponent van bevrydingsteologie uit Latyns-Amerika is Leonardo Boff. Boff dui aan dat die goeie nuus gestalte kry in die ontmoeting tussen die Christelike boodskap en die konkrete realiteit[68]. Onderdrukking vernietig hoop. Hoop, waarin die heil teenwoordig gestel word, moet geskep word[69]. Die basisgemeentes word aangetref in die proses van weerstand tot bevryding[70]. Die christelike gemeentes word juis op grondvlak die basis vir vernuwing en heil. Waar die Christen die arme evangeliseer en laasgenoemde se saak gedien word, word die heil sigbaar[71]. Hierdie gemeenskap moet begelei word om die gemeenskap van

geregtigheid te word. Hierin speel die kerk 'n beslissende rol en dit het ook betekenis vir die gemeenskap. Boff dui aan dat die heil nie in die religieuse instelling kom nie, maar in die nuwe lewe. Daarom moet die kerk hom rig op die nuwe lewe wat in die gemeenskap sigbaar word. Die nood en behoeftes van die mens staan in die sentrum van dié benadering. Die begrip "volk van God" word nou nie meer 'n metafoor nie, maar die lewende gemeen-skap waarbinne Jesus die heil bied en bring[72].

Hier is diens en gemeenskaplike hulp aan die gemeenskap van belang. Die mense word die aktiewe gemeenskap wat hulle eie behoeftes dien. Jesus, wat aan die kant van die arme en onderdrukte was, maak dit vir ons moontlik[73] om die heil van die arme op die oog te hê en voor te dra: "The new society building is caught up in the historical design of God, and endowed with the signs of the reign of God in this world. Christians are not only laborers on this construction site. Together with other daughters and sons of God, they find themselves under the same Light that enlightens every human being who comes into the world, and indwelt by the same Strength who dwells within everyone walking the road that leads to the Father"[74].

Wat is die gevolgtrekking in die lig van Boff se standpunt? Die heil kan sigbaar word. Dit breek deur waar mense, aangegryp deur die boodskap van hoop en bevryding van die evangelie, daartoe oorgaan om reg te doen. Die politieke heil breek deur. Waar die saak van die arme gedien word, kom die heil wat God gee sigbaar in die wêreld na vore. Daarom moet die kerk daadwerklik meewerk om die heil vir die arme te bewerk sodat die lig kan deurbreek. Boff verruim aan die een kant die betekenis van evangelisasie, maar hy vereng dit weer wanneer dit in verband met die bevryding gebruik word. Die versoening in Christus word so van sy krag ontneem.

Kritiese stemme het vanuit verskillende oorde opgeklink. McGovern[75] skryf: "Liberation theologians, in the past, could be faulted for treating capitalism as one structure to be eliminated and replaced by socialism rather than as a complex of structures some of whose parts must be retained and complemented with democratic political structures to achieve a truly effective development and liberation".

De Gruchy[76] laat hoor 'n waarskuwende noot as hy daarop wys dat dit belangrik is vir die kerk om geregtigheid na te jaag. Die kerk kan nie die perfekte gemeenskap wees nie, maar jaag na geregtigheid wat uit God is. Daarom sal die bevryding deur geregtigheid bepaal word.

Nürnberger[77] wys daarop dat die onderskeid tussen die vertikale en horisontale bevryding nie gehandhaaf kan word nie. God is juis die

bevryder wat tussen die mense beweeg. Dit beteken volgens hom dat die heil sigbaar word. Die vraag aan die bevrydingsteologie is egter of dit die heil in Christus sentraal binne die verbond stel. Hierna keer ons later terug.

2.5 Heil by die teologie van rekonstruksie

Villa-Vicencio[78] en Lee[79] se teologie van rekonstruksie is betekenisvol in die verband van teenswoordige heil. In 'n interdissiplinêre studie vanuit die perspektief van menseregte word die betekenis van teenswoordige heil ter sprake gebring. Die taak van die kerk is dan volgens Villa-Vicencio om geregtigheid en menswaardigheid in die nuwe situasie te herstel[80] en die gemeenskap te rig sodat die oue in die ontwerp van die nuwe getransendeer sal word. Die kerk word nou geroep om in die nuwe situasie in Suid-Afrika die geleenthede te benut en vanuit die geloof in Jesus Christus daarop te antwoord en heil te skep[81].

Watter vorm van teologie word nou van die kerk verwag? Hy meen dat post-eksiliese teologie nou van belang is. In die post-eksiliese gemeenskap kom die roeping na die kerk om, gehoorsaam aan Christus, met die heropbou te begin en so heil mee te bring. Die onmiddellike taak van die etiek van rekonstruksie is om sekere waardes en strukture waarmee die proses van vernuwing begin kan word in 'n posisie te plaas vanwaar dit betekenisvol op die nuwe proses kan inwerk[82]. Teologie en die wet, en regering deur die wet is van belang. Teologie het die wet nodig om aan die gemeenskap die sin van hulle bestaan deur te gee en die orde en doel van die gemeenskap te dien[83]. Hierdie teologie sal aan die konstitusionele debat deelneem en begerig wees om 'n regering daar te stel wat regeer deur die wet, die bevestiging van menseregte en die daarstel van wette wat geregtigheid in die teenwoordige tyd sal bevestig. Ten einde hierin te slaag sal die post-eksiliese aard van teologie steeds beklemtoon en die betekenis daarvan vir die gemeenskap beslissend moet wees. Juis ná die ballingskap breek die heil deur. Dit beteken dat menseregte in die sentrum van die teologiese besinning en die menseregte-debat in die sentrum van die soeke na begrip vir die menswaardigheid van mense moet staan[84].

Wat dus nodig is, is 'n nuwe visie op die mensdom wat bepaal word deur die uitdaging wat aan die teologie gestel word. Dit is in die eerste plek 'n kommunale blik, 'n universele, 'n ekologiese en inklusiewe visie. Menseregte staan dus sentraal as daar van heil sprake moet wees. Maar die visie op menseregte bring weer die vraag van ekonomiese geregtigheid na vore en Villa-Vicencio wil ook volledig aandag daaraan gee.

Teologies sou sekere sake van groot belang vir die beoordeling van die ekonomie wees, en die fundamentele begrip sowel van menslike waardigheid, as politieke en ekonomiese demokrasie sal bevestig moet word[85]. Voorkeur word aan die verskaffing van basiese noodsaaklikhede gegee[86]. Die ekologiese aspek moet ook aandag geniet[87]. Daar sal egter ekonomiese herstel moet wees in plaas van blote bevordering van spesifieke ekonomiese ideologieë[88]. 'n Struktuur vir sosio-ekonomiese ontwikkeling om die heil teenwoordig te stel is noodsaaklik[89]. Om dit te bereik sal die kerk voordurend aandag daaraan moet gee en altyd moet aandui dat die saak van die arme voorkeur bo dié van groot maatskappye moet geniet[90].

Villa-Vicencio skets sy visie soos volg: "Theology of reconstruction is a corporate theology, given to democratic participation, expressive of interdisciplinary and inter-faith dialogue in its social analysis and theoretical structures. It offers no final answer to the complex problems with which society is confronted. As such it is open-ended, driven by an eschatological vision which demands more than a particular society offers at any given time. In brief, a theology of reconstruction is both contextually responsible, seeking to define the next logical step society is required to take at a given point in time, and socially transcendent in the sense of challenging society to reach forward to the social goals which form part of the social vision incorporated in the biblical metaphor of the reign of God"[91].

Maluleke kritiseer Villa-Vicencio ten opsigte van kardinale aspekte en toon aan dat die teologie van rekonstruksie opkom uit die liberale teologie wat, volgens hom, nie genoeg met die situasie in Afrika rekening hou nie. Die bevryding van die arme in Afrika is nog nie voltooi nie. Daarin sal alleen geslaag kan word as die teologie vry is om bevryding te bevorder en nie vasgevang word in 'n keurslyf van gewaande demokra-sie nie[92]. Villa-Vicencio se optimisme moet egter eerder gekritiseer word. Hy neem nie genoeg kennis van die probleme van Afrika nie. Die heil is voorts nie genoegsaam in Jesus Christus self gegrond nie.

3 HEIL, VERBOND EN SENDING

3.1 Verbond en heil

Na my mening is verbond beslissend vir die kerk en die gemeenskap. Dit beteken dat die ware teenswoordige heil in die verbond deur Christus gestalte kry. Dit sal vervolgens beredeneer word. In teenstelling met die

standpunt van vroeëre outeurs, is ek van mening dat die heil in die verbond gesoek moet word.

Die verbond word aanvanklik met Abraham (Gen 12; 15; 17) gesluit. Hy word die aktant wat in verhouding met God tree. God skenk heil aan Abraham en begin nuut met die mens[93]. In dié verband kan aangetoon word hoedat daar in die verbond betekenisvol ruimte vir die heil geskep word. Dit is die verbond van God wat 'n ruimte vir verhouding met Hom skep.

Daar is reeds heil teenwoordig wanneer Abraham gehoorsaam wegtrek en 'n altaar oprig[94]. In daardie verbond dien hy reeds vir God[95]. Die openbaring van God aan Abraham bevestig die heilshandeling. Die heil breek nou in die gemeenskap deur omdat God dit bring. Abraham se gehoorsaamheid is gehoorsaamheid in die dood. Hy bly gehoorsaam aan God en dien God in gehoorsaamheid[96]. Die heil word teenwoordig gestel deurdat God 'n verbond met Abraham sluit[97]. Von Rad[98] dui aan dat God iets nuuts skep en dat daar dus van heil sprake is omdat God dit skep en ook iets nuuts tot stand bring. Die verbond is heilsgebeure en die heil kom na vore by die verbondsluiting[99]. God roep Abraham volgens Genesis 15 om 'n troue bondgenoot te wees. Die verbondsluiting teen die agtergrond van die oud-Oosterse gebruik bevestig dat die heil sigbaar is en deur God gebring word. Hierdie besondere gebeure bevestig God se trou en sy teenwoordigheid onder die mense. "The promise given to Abraham, which expands in ever widening circles to the 'families of the earth' is not a promise of rescue, but of blessing"[100]. Uit 'n analise en semiotiese ontleding van die gedeelte kan afgelei word dat die woord wat tot Abraham kom en die aanskouingsles wat daaruit volg, betekenisvol is vir die verstaan van die gebeure[101]. God openbaar Homself. Hy is getrou.

Genesis 17 verdien vervolgens die aandag. Uit 'n redevoerings-analise deur Kloppers[102] kan afgelei word dat die belofte as sodanig besonder belangrik is. Dit word bevestig in die gemeenskap en beteken dat die gemeenskap die heil wat God gee, sal beleef. Die verskyning van God is belangrik, want in sy verskyning maak Hy dit ook moontlik om Hom te dien en gehoorsaam voor Hom te leef. Sy verskyning is die teken van die heil.

Abraham word geroep om God te dien. Hy word uit sy gemeenskap geroep om met God na die nuwe land te trek wat God hom sal wys. So word hy op wonderbaarlike wyse deur God geneem en in verhouding met Hom gestel. Dan word die volle betekenis van die verbond duidelik gemaak. In hóm sal al die nasies van die aarde geseën wees en sal hulle deel in dit wat God bied. So word die heil in Abraham sigbaar en sal God

dit dan aan almal gee sodat hulle kan deel in die genade, en Hom kan sien en met Hom kan leef en gehoorsaam in die heil kan deel.

Maar God se verbond is ruimer as net die verbond met Abraham. Die heil wat setel in die koms van God na sy skepping reeds ten tye van die skepping is ook van belang. Reeds in die skepping kom God om die heil te bring[103]. Die skepping as sodanig is heil. Die heil wat God gee, is egter versteur, en breek dus nie meer in die gemeenskap deur nie. Dit kom egter weer na vore in sy verbondsverhouding met sy mense wat op die aarde lewe[104].

Die verbond met Israel is van besondere betekenis. Daarin bevestig God sy verbond met Abraham: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees". God kies die volk om die heil wat in die verbondsverhouding is teenwoordig te maak. In die ontmoeting met God word die heil sigbaar vir die gemeenskap. Hierdie verbondsverhouding beteken dat God self die heil skep, maar dat Hy ook die mens betrek en hom laat deel in die heil wat Hy, as God, gee sodat die mens voor Hom kan leef. Die verbond is die ruimte waarbinne God sy heil aan die gemeenskap skenk. Goddelike teokrasie word bevestig, en die heil kom van God[105]. Die verbond het egter stipulasies wat die volk van God moet nakom. As gevolg van die oortreding daarvan tref die onheil hulle. Hulle moet egter leef uit die sekerheid van die verbondswoord van God: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees". Die heil van God kom egter tot die volk van God in die verbond wat heel 'n unieke visie op die verhouding tussen God en sy volk bied. Ten spyte van Föhrer[106] se kritiek teen die verbondsgedagte meen ander dat dit wel 'n sentrale tema in die Ou Testament is[107].

Die geregtigheid wat God skenk en die heil wat daaruit voortvloei, hang saam met die verbond. God se reddende geregtigheid moet verstaan word in die lig van die heil wat Hy aan sy gemeenskap skenk. In die Nuwe Testament is Jesus die getroue verbondsgenoot. Hy kom om ook te sê: "Ek sal vir jou God wees en jy moet my volk wees". Daarom is die verbondshernuwing van Hebreërs 8:1-13 so betekenisvol. Uit dié betekenisvolle boodskap tree die heil na vore en word die gemeenskap gerig op God en op die heil wat Hy gee. Jesus word bedienaar van die nuwe verbond. Sodoende bring Hy die heil mee[108]. Die verwysing na verbondsvernuwing wil sê dat die heil nie volledig by oud-Israel deurgebreek het nie, maar eers in Christus self sodat dit in Hom waargeneem kan word[109]. Die inhoud van die nuwe verbond is dat die Here self die volk aan Hom verbind, dat hulle sy Naam sal ken, en sal weet dat Hy die Een is aan wie die eer toekom en aan wie die verlossing en heil gegee is. Jesus tree op as middelaar[110].

Jesus is die getroue verbondsgenoot en die heil wat Hy bring, stel Hy wel teenwoordig[111]. Bosch[112] skryf: "Die 'ewige lewe' is nie 'n lewe

wat eers na die aardse lewe in die hemel begin, nie maar 'n kwaliteit van lewe wat nou reeds verskil van die lewe van die ongelowige - wie in die Seun glo, het nou reeds die ewige lewe (Joh 3:36)". Daarom is dit nie vreemd dat die heil ook betekenis het as gevolg van die boodskap van heil wat Hy bring nie. Baie belangrik is Romeine 5 waar Jesus die getroue bondgenoot in die plek van Adam kom om te herstel en die heil te bring waardeur die verlossing in die wêreld om ons sigbaar sal word. Smit[113] meen tereg dat Christus se bediening verbondsbediening was. "Christus as ware Middelaar, maak dit nou moontlik om te sê God sal vir ons 'n God wees en ons sal sy volk wees en so gehoorsaam aan Hom lewe en diens aan Hom verrig". In dié verband skryf Joubert[114]: "In teenstelling met die godsdienstige leiers met hul streng indelings van die werklikheid in terme van heilige en onheilige kategorieë, blyk dit uit die sinoptiese evangelies dat Jesus nie alleen net vir God op 'n nuwe wyse aan die mense van sy dag kom bekendgestel het nie, maar dat Hy ook nuwe riglyne vir toegang tot sy koninkryk neergelê het. Veral aan diegene wat as sondaars en uitgeworpenes beskou is en wat die slagoffers van ideologiese geweld van die maghebbers was, het Jesus naamlik kom wys dat God hulle onvoorwaardelik aanvaar as hulle positief op sy prediking sou reageer".

'n Belangrike perspektief aangaande die verbond word deur König[115] verduidelik. Die verbond herinner ons dat God groter as ons is en dat ons op sy inisiatiewe, wat eerste kom, reageer. Die heil in die verbond is dus die heil wat God skenk. Die trinitariese begronding van die verbond is in dié opsig beslissend[116].

3.2 Teenswoordige heil vanuit sendingperspektief

God is steeds op twee wyses in Christus sigbaar, naamlik op die wyse van die kerk wat vanuit die geloofsgemeenskap lewe, en daarnaas, ook op die wyse van die koninkryk wat ruimer as die kerk is.

Sending beteken dat die kerk die heil in Christus na die wêreld uitdra. Bosch[117] skryf verhelderend in dié verband: "Waaraan ons behoefte het, is 'n verstaan van heil wat omvattend christologies opereer, wat die *totus Christus* - sy inkarnasie, aardse lewe, sterwe, opstanding en wederkoms - vir kerk en teologie vrugbaar maak". Dit beteken dat die kerk aktief betrokke raak by die wêreld om in die wêreld die besondere heil wat God skenk sigbaar te maak en so ook heil vir die gemeenskap te bring. Sending is 'n dinamiese begrip en dui inderdaad op heil vir die wêreld. Pauw[118] skryf dat die kerk vanuit die perspektief van die *marturia* by die gemeenskap betrokke moet raak en onreg moet aandui.

Hoe kom hierdie heil? In die verbond tree God op as die Een wat sê: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees". Smit[119] toon aan dat die verbond en die missionêre bediening in noue verband met mekaar staan. So word ons opgeneem in die groot heil wat God gee en die wyse waarop die heil in die gemeenskap gegee word. God se verbond is 'n lewende verbond. Dit dui op die werking van sy Gees wat in die verbond oproep tot die nuwe lewe en die nuwe verhouding tot God as sodanig.

Sending sal dus juis binne die verbond die heil sigbaar maak. In die verbondsverhouding sal 'n mens die heil moet kan sien om ook te ervaar dat dit in God se koninkryk gekom het en in die wêreld sigbaar is vir almal wat in die verbond ingelyf word.

Sending is om die heil in Christus binne die verbond gestalte te gee, maar ook om die heil in Christus aan almal buite die verbond uit te dra sodat hulle dit kan beleef en kan weet dat God die heil skenk vir die volle gemeenskap wat aan Hom behoort. God gee die heil, maar in Christus word dit uitgedeel. Sending is altyd sending onder die kruis, onder die verlossende en omvattende heil wat Jesus meebring en meege-bring het.

Sending sal dus altyd die heil van mense in die oog hê. Dit sluit natuurlik die heil vir die mens op aarde in. Maar dit dui sterk op die heil van versoening met God. Eers in die versoening met God kan die heil in Christus werklik beleef word. Eers as die mens in Christus dié nuwe mens geword het, kan hy die heil werklik beleef.

Hierdie heil moet egter omvattende heil wees. Dit moet die mens in al sy lewensverbande rig op die lewe met God. Bosch[120] skryf dat daar al meer van omvattende of integrale, totale of universele heil gepraat word as die doel van sending. Solank die teenswoordige heil steeds binne die ruimte van die verbond gesien en in Christus gesoek word, kan dit inderdaad die doel van sending wees.

4 SLOT

Die mens soek na heil. Waar sal die lig deurbreek en die heil sigbaar en teenwoordig wees? Dit sal nie uit homself kom nie. Teenoor die Marxisme en Neo-Marxisme word bely dat die heil in die wêreld sigbaar is in die verbond wat deur Christus bepaal word. Die verbond is uit God. Ware bevryding word verkry binne die verbond met God wat deur Christus self bepaal word.

NOTAS:

1 A König, *Heil en heilsweg*, Pretoria 1983, 2ev.

2 König, *a w*, 1983, 3.

3 König, *a w*, 1983, 7.

4 J Verkuyl, *Jezus Christus de bevrijer en de voortgaande bevrijding van mensen en samenlevingen. De betekenis van de wêreldconferentie voor zending en evangelisatie in Bangkok* 1973, Baarn 1973, 37.

5 D J Bosch, *Heil in sendingperspektief*, Pretoria 1990, 1ev.

6 D J Bosch, *Heil vir die wêreld*, Pretoria 1979.

7 P Robinson, "Verlossing as sosio-politieke bevryding?", *Acta Theologica* 14/1 (1994), 75-89.

8 P Verster, *Teenswoordige heil in die moderne sendingwetenskap in die lig van die ontmoeting met die Marxisme-Leninisme in Suidelike Afrika*, Pretoria 1984.

9 Dele van die artikel steun op Verster, *a w*, 1984.

10 L Kolakowski, *Main currents of Marxism 1. The founders.* (translated by P S Falla), Oxford 1978a, 7ev.

11 H J Störig, *Geschiedenis van die filosofie* 1, Utrecht 1972, 89.

12 G W H Hegel *Sämtliche Werke 15*, Stuttgart 1965, 104.

13 Kolakowski, *a w*, 1978a, 405.

14 K Marx, *Die historische Materialismus 1,2* (Die Frühschriften), Leipzig 1932, xv.

15 Kolakowski, *a w*, 1978a, 99.

16 G Lichtheim, *Marx: an historical and critical study*, London 1961, 37.

17 K Marx, *Werke 1*, Darmstadt 1962, 260.

18 Marx, *a w*, 1962, 260.

19 W Levine, *The tragic deception: Marx contra Engels*, Santa Barbara 1975, 44.

20 K Marx, *Early texts* (translated by D Mclellan), Oxford 1979, 115.

21 Kolakowski, *a w*, 1978a, 131.

22 Marx, *a w*, 1979. 140.

23 Kolakowski, *a w*, 1978a. 177.

24 K Marx and F Engels. *Basic writings on political philosophy*, s.l. 1978, 48.

25 Lichtheim, *a w*, 87.

26 K Marx, *The essential writings* (Ed F L Bender), Boulder 1972, 237.

27 K Marx, *Capital vol 1*, Middlesex 1976, 12.

28 P M Sweezy, *The theory of capitalist development*, London 1970, 15.

29 G D H Cole, *What Marx really meant*, London 1945, 47; G Maarek, *An introduction to Karl Marx's Das Capital* (translated by M Evans), s.l. 1979, xviii.

30 Marx, *a w*. 1976, 84.

31 Marx, *a w*. 1976, 84.

32 H G van der Westhuizen, "Marxisme, 'n Trojaanse perd", *HTS* 42/3 (1986), 580-599.

33 J A du Plessis. *Die kommunistiese staatsfilosofie van Karl Marx en Fredrich Engels*, Potchefstroom 1976, 2.

34 L Schapiro, *Lenin: the man, the theorist, the leader*, London 1976, 93.

35 S W Page, *Lenin: dedicated Marxist or revolutionary pragmatist?* Massachusets 1970, 4.

36 V I Lenin, *Selected works vol 1*, London 1947, 446.

37 L Kolakowski, *Main currents of Marxism 2*, Oxford 1978b, 387.

38 Lenin, *a w*, 781.

39 Marcuse H, *One dimensional man*, Boston 1964, 77.

40 J M Vorster, "Die Neo-Marxistiese politieke teologie", *In die Skriflig* 19/75 (1985), 2-15.

41 Vorster, *a w*, 2-15.

42 J A Heyns, *Teologie van die revolusie*, Kaapstad 1975, 24.

43 Heyns *a w*, 24.

44 E Bloch, *Das Prinzip Hoffnung*, Frankfurt Am Main 1973, 224ev.

45 Bloch, *a w*, 256.

46 Heyns, *a w*, 24.

47 Vorster, *a w*, 5.

48 Vorster, *a w*, 5.

49 J Moltmann, *Theology of hope* (translated by G J W Leitch), London 1967.

50 Moltmann, *a w*, 1967, 20.

51 Moltmann, *a w*, 1967, 32.

52 Moltmann, *a w*, 1967, 39.

53 Moltmann, *a w*, 1967, 191.

54 Moltmann, *a w*, 1967, 194.

55 Moltmann, *a w*, 1967, 229.

56 Moltmann, *a w*, 1967, 326.

57 Moltmann, *a w*, 1967, 327.

58 Moltmann, *a w*, 1967, 327.

59 G J Moltmann, *The crucified God* (translated R A Wilson and Boucher), London 1974, 200ev.

60 A König, "Kan ons van 'Die Gekruisigde God' praat? met spesiale verwysing na Moltmann en Jungel, *NGTT* 23/2 (1982), 124-149.

61 J Moltmann, *The church in the power of the spirit* (translated by M Kohl), London 1977, 301.

62 S Hayes, "Orthodoxy and Liberation theology, *Journal of Theology for Southern Africa*, 73 (1990), 12-23.

63 P Verster, "Die kerk en die arme. 'n Herbesinning", *NGTT* 35/3 (1994), 442-453.

64 G Gutierrez, *The God of life*, Maryknoll 1991. 3.

65 Gutierrez, *a w*, 3.

66 Gutierrez, *a w*, 9.

67 Gutierrez, *a w*, 19.

68 L Boff, *Good news to the poor. A new evangelisation*, Wellwood 1992, 115.

69 Boff, *a w*, 116.

70 Boff, *a w*, 116.

71 Boff, *a w*, 116.

72 Boff, *a w*, 118.

73 Boff, *a w*, 119.

74 Boff, *a w*, 120.

75 A F McGovern, *Liberation Theology and its critics: toward an assessment*, Maryknoll 1990, 226.

76 S de Gruchy, "Not liberation but justice - the task of South African theology in shaping public discourse: a dialogue with Reinhold Niebuhr", *Missionalia* 21/1 (1993), 57-73.

77 K Nürnberger, "Salvation or liberation? The soteriological roots of a missionary theology", *Missionalia* 18/1 (1990), 205-219.

78 C Villa-Vicencio, *A Theology of reconstruction. Nation buildery are human rights*, Cape Town 1992, lev en C Villa-Vicencio, "Religion, revolution and reconstruction", *Journal of Theology for Southern Africa*, 73 (1990), 48-59.

79 P Lee, "A land no longer desolate? The return from Babylon as paradigm of our changing situation", *Missionalia* 20/2 (1992), 88-98.

80 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 2.

81 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 2.

82 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 9.

83 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 11.

84 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 156.

85 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 239.

86 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 240.

87 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 240.

88 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 240.

89 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 242.

90 Villa-Vicencio, *a w*, 1992, 249.

91 Villa-Vicencio, *a w*, 1992,280.

92 T S Maluleke, "The proposal for a theology of reconstruction: a critical appraisel", *Missionalia* 22/3 (1994), 245-258.

93 O H Steck, *Wahrnehmungen Gottes im Alten Testament*, München 1982, 117.

94 H Bäumer, *Das erste Buch Mose 2 teil*, Wuppertal 1987, 47.

95 G J Wenham, *Genesis 1-15*, Waco 1987, 282.

96 A van Selms, *Genesis Deel 1*, Nijkerk 1973, 177.

97 W H Gispen, *Genesis 2*, Kampen 1979, 23.

98 G van Rad, *Genesis*, London *s a*, 159.

99 F B Meyer, *Abraham or the obedience of faith*, London 1953, 28.

100 C Westermann, *Genesis 12-36.* A Commentary (translated by J J Scullion), Minneapolis *s a*, 158.

101 Verster, *a w*, 1984, 468.

102 M H O Kloppers, *Eksegetiese modelle uit die verhalende prosa van die Ou Testament*, Bloemfontein 1984, 10.

103 E J Young, *In the beginning: Genesis 1-3*, s l 1976, 17.

104 A H van Zyl, *Gods Woord in Mensetaal 1. Die ontstaan en boodskap van die eerste vyf boeke van die Bybel*, Durban 1975, 128.

105 O Kaiser, *Der Gott des Alten Testaments. Theologie des AT 1. Grundlegung*, Göttingen 1993, 162.

106 G Föhrer, *Studien zur alttestamentlichen Theologie und Geschichte*, Berlin 1968, 154.

107 W Eichrodt, *Theologie des Alten Testaments 1. Gott und Volk*, Leipzig 1933, 6; K Baltzer, *Das Bundesformular*, Neukirchen 1964, 11; H J Kraus, *Biblisch Theologische Aufsätze*, Neukirchen 1972, 39; W Dyrness, *Themes in Old Testament Theology*, Exeter 1979, 126.

108 O Michel, *Der brief an die Hebräer*, Göttingen 1975, 287ev.

109 J Reiling, *Hebreën een praktische bijbelverklaring*, Kampen 1994, 83.

110 P Ellingworth, *The epistle to the Hebrews*, s l 1991, 66.

111 H Berkhof, *Christelijk geloof*, Nijkerk 1973, 296 en 298.

112 Bosch, *a w*, 1990, 24.

113 J H Smit, "Die sendingbewustheid en sendinggerigtheid in die Ned Geref Kerk vandag", *NGTT* 34/4 (1993), 496-508.

114 S J Joubert, "Jesus van Nasaret se bevrydende visie vir 'n gewelddadige samelewing", *Skrif en Kerk* 14/2 (1993), 222-235.

115 A König, "Covenant partner and image", *Journal of Theology for Southern Africa* 88 (1994), 34-41.

116 P J le Roux & A König, "Verbond en gemeente - die betekenis van die verbond vir kerk en kosmos", *NGTT* 35/1 (1994), 41-48.

117 Bosch, *a w*, 1990, 26.

118 C M Pauw, "Wat is sending? Riglyne en perspektiewe met die oog op die praktyk", *NGTT* 28/1 (1987), 27-37.

119 J H Smit, "Verbond en missionêre bediening", *Acta Theologica* 8/2 (1988), 54-58.

120 Bosch, *a w*, 1990, 26.